



Bou ons kinders vir môre

Godsdiensonderig 2

Lestitel: Jesus beopdrag die apostels en vaar op na sy Vader

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig



Liewe Ouer

Welkom by die les “Jesus beopdrag die apostels en vaar op na sy Vader”

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	<p>Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is:</p> <ul style="list-style-type: none">• Bybel• Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is• Kind se werkboek, potlode, kryte, ens.• Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is• Kategismus en Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) <p>Nota:</p> <p>2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdien, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou.</p> <p>2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie.</p> <p>2.3: Die les is vir 'n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)).</p> <p>2.4: Kontak gerus u Sondagskoolonderwyser indien u ondersteuning vereis of bogenoemde hulpbronne benodig.</p>
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.



Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. Voorbeeld: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.



Die Les

Lestitel	Jesus beopdrag die apostels opdrag en vaar op na sy Vader
Bybelwoord	Mattheus 28: 19-20; Handeling 1: 4-11 1 Thessalonicense 4: 13-18
Lesdoelwit	Die kinders leer dat Jesus se apostels ons vir die wederkoms van Christus voorberei

Lesopsomming:

- Nadat Jesus uit die dood opgewek is, was Hy vir ewig LEWEND.
- Na sy opstanding het Jesus 40 dae saam met sy dissipels deurgebring en gedurende hierdie tyd het Hy aan hulle 'n nuwe werk gegee.
- Jesus het gesê: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies (wat alle mense beteken), en doop hulle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees (die Drie-enige God); en leer hulle om alles te onderhou (wat beteken om gehoorsaam te wees) wat Ek julle beveel het." Mattheus 28: 19
- Jesus wou hê dat hulle die wêreld moes ingaan en mense van Hom vertel.
- Hierdie werk is SO GROOT, dat ons dit die Groot Opdrag noem.
- Dit is vandag steeds ons taak.
- Na die veertig dae het Jesus die dissipels uit die stad tot in Betanië gelei, sy hande opgehef en hulle geseën. Terwyl Jesus hulle seën, het Hy hulle verlaat en is in die hemel opgeneem.
- Die dissipels het almal met verbasing gekyk hoe Jesus in die lug verdwyn.
- Twee engele het verskyn, by hulle kom staan en vir hulle gesê: "Galilese manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het." Handeling 1: vers 11
- Toe hulle hoor dat Jesus sal terugkeer, was die dissipels baie gelukkig.
- Jesus het ook belowe dat hulle krag sal ontvang wanneer die Heilige Gees oor hulle kom, en dat Hy by hulle sal wees tot aan die einde van die tyd.
- Die dissipels moes teruggaan na Jerusalem om daar te wag totdat die Heilige Gees oor hulle kom.



Hoe voer die apostels hierdie opdrag vandag uit?

- In die Nuwe Apostoliese Kerk voer die apostels hierdie opdrag uit deur:
- Die evangelie van Jesus Christus te verkondig,
- Met water te doop (sakrament van die Heilige Doop),
- Vergifnis van sondes uit te spreek,
- Heilige Nagmaal te bedien,
- Die gawe van die Heilige Gees uit te stort (sakrament van Heilige Verseëling),
- Diensknegte te verordineer,
- Verkonding van Christus se dood, opstanding en wederkoms, en
- Insameling van die eerstelinge (die getroues, die wat God se gebooie gehoorsaam) en hulle dan voor te berei vir ewige gemeenskap met God met die wederkoms van Christus.

Ons hemelvaart - ons gedaanteverwisseling:

- Wanneer die Here Jesus terugkeer sal ons ook ons hemelvaart ervaar, wat beteken dat ons ook 'n gedaanteverwisseling sal ondergaan.
- In 1 Thessalonicense 4: 13-18 lees ons dat met die dag van Jesus se wederkoms, God se basuin sal weerklink en dat Jesus self uit die hemel sal neerdaal.
- Diegene wat gesterf het in God, sal eerste opstaan en in die wolke opgeneem word. Daarna sal diegene wat op aarde leef, en in God glo, saam in die wolke opgeneem word om Jesus in die lug te ontmoet. Dit sal alles binne 'n oogwink gebeur. Dan sal ons vir ewig by die Here wees.
- Om met die wederkoms van Christus vir ewig by die Here te wees en ons geliefdes in die hiernamaals weer te ontmoet, is vir ons troos.



Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

- Ons moet ander (vriende, familie, ens.) vertel van Jesus en wat Hy vir ons gedoen het.
 - Om met die wederkoms van Christus, God se koninkryk te kan binnegaan, moet ons in Hom glo en sy gebooië en leringe gehoorsaam. Onthou altyd dat ons in die genade van God leef en deur die gawes wat Hy aan ons gegee het te gebruik, sal ons die vrugte van die Heilige Gees in ons lewens kan waarneem.
- Laat ons op so 'n manier leef dat die Here Jesus enige dag kan kom en dat ons waardig gevind kan word om met sy wederkoms sy koninkryk te betree en vir ewig by Hom te wees.

Doen oefening 1,2 en 3 saam met u kind en beantwoord die vrae.

Antwoorde op Oefening 3:

Vers 14 - Die ontslapenes sal die Here sien voordat ons Hom sien
Verse 15-16 - Die gelowige kinders van God in die ryke van die ontslapenes sal eerste opstaan
Verse 17-18 - Dan word die gelowige kinders van God wat nog op die aarde leef, saam met hulle na Jesus geneem.

Sommige vrae wat ons kan vra:

1. Waar in die Bybel is die opdrag van Jesus aan die apostels opgeteken?
Antwoord: Mattheus 28: 19-20
2. Hoeveel mans het aan die dissipels verskyn nadat Jesus in die hemel opgevaar het?
Antwoord: twee
3. Na hoeveel dae het Jesus na sy Vader in die hemel opgevaar?
Antwoord: 40 dae
4. Wie sal eerste opgeneem word met die wederkoms van Christus?
Antwoord: die ontslapenes wat in God geglo het
5. Wat moet ons doen om eendag God se Koninkryk te betree?
Antwoord: ons moet in God glo en al sy gebooië en leringe gehoorsaam



'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Liewe God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om u wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet. Amen